838 Eng

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB
ABROAD 30c BUITELANDS
POST FREE · POSVRY

VOL. 179] CAPE TOWN, 30 MAY 1980 [No. 7038
KAAPSTAD, 30 MEI 1980

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1085. 30 May 1980.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 66 of 1980: National Roads Amendment Act, 1980.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1085. 30 Mei 1980.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 66 van 1980: Wysigingswet op Nasionale Paaie, 1980.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op Nasionale Paaie, 1971, ten einde die wyse aan te vul waarop skriftelike inligting aangaande sekere stappe wat met betrekking tot grond gedoen is, aan die eienaar van dié grond verstrek moet word; en voorsiening te maak vir die verkryging van sekere grond om in die behoeftes van gebruikers van nasionale paaie te voorsien; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 16 Mei 1980.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 3 van Wet 54 van 1971, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 26 van 1974.

1. Artikel 3 van die Wet op Nasionale Paaie, 1971, word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf *(c)* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(c)* Die Kommissie moet, behoudens die bepalings van paragrawe *(c*A*)* en *(c*B*)*, 'n skriftelike mededeling van 'n aanwysing van grond kragtens paragraaf *(a)* aan die eienaar van sodanige grond laat oorhandig of aanbied of per aangetekende pos laat stuur minstens 30 dae voor die betrokke datum in paragraaf *(b)* bedoel.''; en

(b) deur na genoemde paragraaf *(c)* die volgende paragrawe in te voeg:

„*(c*A*)* Indien die Kommissie nie die verblyfplek van die eienaar of van elke eienaar van die betrokke grond geredelik kan vasstel nie, of indien hy, vanweë die aantal sodanige eienaars of om 'n ander rede oortuig is dat die bestelling van 'n mededeling volgens voorskrif van paragraaf *(c)* nie doenlik is nie, moet hy, in plaas van of benewens die mededeling volgens daardie voorskrif te laat bestel, een maal in die *Staatskoerant* en een maal per week vir twee agtereenvolgende weke in 'n Afrikaanse en in 'n Engelse nuusblad wat in omloop is in die gebied waarin die betrokke grond geleë is, 'n gepaste mededeling laat publiseer.

*(c*B*)* Indien benewens die bestelling van 'n mededeling volgens voorskrif van paragraaf *(c)* dié mededeling volgens voorskrif van paragraaf *(c*A*)* gepubliseer word, moet dié bestelling of die jongste van bedoelde publikasies, na gelang van watter die laaste voorval, geskied minstens 30 dae voor die betrokke datum in paragraaf *(b)* bedoel, en indien sodanige publikasies in plaas van so 'n

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the National Roads Act, 1971, so as to supplement the manner in which written information of certain steps taken in regard to land shall be furnished to the owner of such land; and to provide for the acquisition of certain land to provide for the requirements of users of national roads; and to provide for matters connected therewith.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 16 May 1980.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 3 of Act 54 of 1971, as amended by section 1 of Act 26 of 1974.

1. Section 3 of the National Roads Act, 1971, is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(c)* The Commission shall, **[deliver, or send]** subject to the provisions of paragraphs *(cA)* and *(cB)*, cause to be delivered or tendered, or sent by registered post, written information of a designation of land under paragraph *(a)* to the owner of such land not less than thirty days before the relevant date referred to in paragraph *(b)*."; and

(b) by the insertion after the said paragraph *(c)* of the following paragraphs:

"*(cA)* If the whereabouts of the owner or of every owner of the land in question is not readily ascertainable by the Commission, or, if by reason of the number of such owners or for any other reason, it is satisfied that service of any information in accordance with paragraph *(c)* is not practicable, it shall, instead of or in addition to causing such information to be served in accordance with paragraph *(c)*, cause to be published once in the *Gazette* and once a week during two consecutive weeks in an English and in an Afrikaans newspaper circulating in the area in which the land in question is situated, the appropriate information.

(cB) If in addition to the service of any information in accordance with the provisions of paragraph *(c)* such information is published in accordance with paragraph *(cA)*, such service or the latest of such publications, according to which occurs last, shall take place not less than 30 days before the relevant date referred to in paragraph *(b)*, and if such

bestelling geskied, moet die jongste van dié publikasies minstens 30 dae voor genoemde datum geskied.''.

Wysiging van artikel 5 van Wet 54 van 1971.

2. Artikel 5 van die Wet op Nasionale Paaie, 1971, word hierby gewysig deur na paragraaf *(a)* van subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

„*(a* A*)* om grond wat aan 'n nasionale pad grens, te koop, te huur of op 'n ander wyse te verkry om in die behoeftes van die gebruikers van daardie pad te voorsien en om vir dié doel geboue of ander strukture op dié grond op te rig of te laat oprig, en om dié grond met of sonder sodanige geboue of strukture daarop te hou, te verkoop, te verruil, te verhuur of, met die goedkeuring van die Minister, te skenk, of om dit op 'n ander wyse van die hand te sit of op 'n ander wyse daarmee te handel: Met dien verstande dat geen grond aldus verkry word nie tensy die betrokke plaaslike bestuur, indien daar een is, of, indien daar nie een is nie, die betrokke provinsiale administrasie ten opsigte van die voorgenome gebruik van die grond geraadpleeg is: Met dien verstande voorts dat grond ten opsigte waarvan dit die voorneme is om dit vir handelsdoeleindes te vervreem, per openbare tender aangebied word.''.

Wysiging van artikel 8 van Wet 54 van 1971, soos gewysig deur artikel 88 van Wet 63 van 1975.

3. Artikel 8 van die Wet op Nasionale Paaie, 1971, word hierby gewysig deur na paragraaf *(a)* van subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

„*(a* A*)* grond onteien wat hy ingevolge artikel 5 (1) *(a* A*)* kan verkry;''.

Kort titel.

4. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Nasionale Paaie, 1980.

publications take place instead of such service, the latest of such publications shall take place not less than 30 days before the said date.''.

2. Section 5 of the National Roads Act, 1971, is hereby amended by the insertion after paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph: Amendment of section 5 of Act 54 of 1971.

''*(a* A*)* to purchase, hire or otherwise acquire land adjoining a national road to provide for the requirements of the users of such road and to erect or cause to be erected, for such purpose, any buildings or other structures on such land and to hold, sell, exchange, let or, with the approval of the Minister, donate such land with or without any such buildings or structures thereon, or otherwise to dispose of or to deal with it: Provided that no land shall be so acquired unless the local authority concerned, if any, or, if there is no such local authority, the provincial administration concerned has been consulted in respect of the proposed use of the land: Provided further that land intended to be alienated for commercial purposes shall be offered by public tender.''.

3. Section 8 of the National Roads Act, 1971, is hereby amended by the insertion after paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph: Amendment of section 8 of Act 54 of 1971, as amended by section 88 of Act 63 of 1975.

''*(a* A*)* expropriate any land which it may acquire in terms of section 5 (1) *(a* A*)*;''.

4. This Act shall be called the National Roads Amendment Act, 1980. Short title.

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL, PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB2651/12 700
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB2651/12 700